For cross breeding success...

Use a pure-bred Charolais Bull



CHAROLAIS

Nuusbrief • Uitgawe Nr.3 - 2009

Van Die President

Uit die hart van die President: Willie Jacobsz. Staan klein en peinsend onder die hemel koepels. Ja, nog 'n jaar het verby gevlieg, 'n jaar vol van baie seën van bo!

Woorde soos resessie, grondhervorming, hoë rentekoerse en inset kostes die hoogste nog ooit oorskadu die afgelope seisoen. Maar kom ons fokus op woorde soos: U Guns, U Genade, ja, Groot Woorde! Goeie reëns het in bykans die hele land geval, ons het mooi weidings gehad en goeie oeste. Die meeste veilings was 'n sukses. Ons het pragtige diere geteel en dit gaan goed met ons lede se stoeterye. Van ons lede het baie goeie prestasies behaal, geluk! Vleispryse handhaaf goeie vlakke en dit kan in 2010 net verbeter!

My opregte dank aan ons bekwame en toegewyde Raad en personeel vir u volgehoue ondersteuning en harde werk.

Die Bestuur van die Charolais Genootskap wil by hierdie geleentheid net ons dank en waardering uitspreek vir 'n wonderlike en suksesvolle jaar se ondersteuning van u kant. Ons sê baie dankie vir sulke positiewe lede. Wat volgende jaar betref, wil ons net sê dat ons sal voortgaan op die pad wat ons reeds stap. Wees dus gerus dat ons steeds sal poog om aan u as teler net die beste te gee.

Mag u ook 'n wonderlike Geseënde Kersfees as gesin beleef. Ons wens u ook 'n voorspoedige 2010 toe en sien uit om volgende jaar saam met u aan te pak.

My dank aan ons Hemelse Vader vir Sy genade en leiding, U Guns, U Genade, is voorwaar groot woorde, kom ons onthou dit ook in tye wanneer daardie goue randjie om elke wolk, maar dof lyk!

Charolais Groete

Willie Jacobsz

LIEF & LEED

Corrie de Vos het op sy plaas brandwonde opgedoen aan albei sy hande toe hy aan sy spilpunte wou werk. Hy het goed herstel na die ongeluk en wens ons hom alle beterskap toe. Mnr. Freddie Wasserfall het 'n lens oorplanting gehad nadat hy sy een oog erg beskadig het na 'n fratsongeluk met 'n gholfbal. Ons wens hom ook alle beterskap toe.

ELETRONIESE INBETALINGS

Daar word steeds probleme met elektroniese of bankinbetalings ondervind. 'n Beroep word weereens op lede gedoen om indien u elektroniese betalings of bankinbetalings maak.

By die verwysing u rekeningnommer te gebruik. U aandag word ook daarop gevestig dat, indien u so 'n betaling gemaak het, u dit na die kantoor sal deurgee d.m.v. 'n faks.

TAFELKALENDER

BKBLouwid het elke jaar 'n bydrae gegee om die tafelkalender die lig te laat sien maar a.g.v. die resessie sal daar nie weer 'n bydrae gegee word nie. Daar is besluit om nie weer 'n tafelkalender te maak nie en die fondse te gebruik om te adverteer in die Landbouweekblad se "smalls".

ONS MISSIE

Die bevordering en uitbouing van 'n moeitevrye, ekonomiese, hoogs doeltreffende vleisbeesras wat aangepas is by Suider Afrikaanse weidings en voerkraal toestande.

LNR VERTEENWOORDIGER

Soos u reeds bewus is tree mnr. Rain Gerhard af einde Mei volgende jaar en is daar reeds in verbinding getree met dr. Japie van der Westhuizen om as verteenwoordiger op te tree in die plek van mnr. Gerhard. Sodra ons uitsluitsel gekry het sal ons u in kennis stel.

VOOGDYSKAP

Soos u reeds bewus is het die Raad 'n voog stelsel in plek gebring en lede onder 'n spesifieke raadslid ingedeel om kommunikasie te verbeter. Die Voogdelys word aangeheg vir u kennisname. Indien u enige probleme ondervind moet asseblief nie huiwer om die betrokke raadslid te kontak nie.

NUWE LEDE

Die volgende nuwe telers wil ons welkom heet in die geledere van die Charolais Genootskap:

Daviren Charolais (DMJ v.d. Merwe) – Schweizer Reneke (aansluiting - 2009.08.23)

DMJ v.d. Merwe – Schweizer Reneke (aansluiting - 2009.11.01)

Mag u boerdery van krag tot krag groei!

UITSTAANDE REKENINGE

U aandag word weereens daarop gevestig: Lede wie se rekeninge by die Genootskap 120 dae uitstaande is sal in die toekoms oorhandig word vir invordering en alle dienste sal opgeskort word by die Genootskap asook S.A. Stamboek. Rekening navrae kan gerig word aan Nelita Behr – telefoonnommer: 051-4100 962.

Telers wat nog geld aan die Genootskap verskuldig is moet asseblief betaal sodat ons die nuwe jaar skoon kan begin.

BANKBESONDERHEDE

Charolais Beestelersgenootskap
Standard Bank
Rekening nommer: 041 192 257
Takkode: 055534 (Brandwag Tak)
U rekening nommer moet as verwysing op gegee word.

SLUITING VAN GENOOTSKAP KANTOOR & SEKRETARIAAT

Die kantoor van die Genootskap sal sluit vanaf 9 Desember 2009 om 13:00 en weer heropen op 6 Januarie 2010 om 08:00.

Sekretariaat sal sluit vanaf 15 Desember 2009 om 13:00 en heropen op 4 Januarie 2010 om 08:00.

TRICHOMONIASIS

Groot kommer is onlangs by 'n Nasionale RPO Raadsvergadering uitgespreek oor die onrusbarende toename in die voorkoms van Trichomoniasis in kuddes.

Daar word dus 'n beroep op alle telers gedoen om die toetsing vir Trichomoniasis by alle telers aan te moedig en 'n voorvereiste te maak by die verkoop van bulle op veilings onder die beskerming.

CHARMAR BEEF

Daar word 'n beroep op lede gedoen om die kantoor of enige onderstaande verteenwoordiger van Charmer Beef te kontak, hulle soek dringend Charolais kruisings kommersieel of geregistreerd.

Bruce Hunt - 082 496 3655
Pieter Swanepoel - 083 440 1423
Willie Anderson - 082 653 4713
Jacob van der Walt - 082 493 6288

FOUTELYS VAN DIERE

Dit het onder die Genootskap se aandag gekom dat Stamboek skrywes aan telers uitstuur oor diere wat navrae het en dan kom die telers nie terug met die navraag nie. Daar is

1000 Charolais diere wat op die stelsel van Stamboek lê waarop daar geen terugvoering tot op hede ontvang is nie. Ons maak staat op u samewerking om hierdie betrokke diere voor die einde van die jaar af te handel.

SEKRETARIAAT

Ons wens me. June Wiid geluk dat die Charolais weer een van die finaliste was tydens S.A. Stamboek se prestige funksie met die Jaarverslag. Dit is vanuit die top 4 uit 64 Genootskappe wat gekies is. Dankie June!

ALGEMENE JAARVERGADERING BESLUITE
Vanaf 2010 sal koste verhoog as volg:

PER KAPITA: Alle diere 12mnde en ouer - R32-00

LAAT GEBOORTES: R 25-00 na 60 dae

Alle kalwers later as 210 dae aangemeld sal onderhewig wees aan ouerskap verifiëring en aanmelding van kalwers na 365 sal nie opgeneem word nie.

PROMOSIE ITEMS BESKIKBAAR

Die Raad het besluit dat sekere promosie items verlaag moet word. Sien aangehegte lys vir die pryse wat verlaag is in donker gedruk.

WERKERS BY CHAROLAIS VEILINGS

Die Raad het besluit dat werkers 'n eenheid moet vorm by veilings. In die toekoms moet alle werkers die amptelike klere tydens veilings dra: blou oorpak met wit waterskoene en 'n Charolais pet. Telers kan hulle stoet name agterop die blou oorpak laat borduur. Die Genootskap is besig om te kyk vir T-hemde vir die werkers wat aangekoop kan word by die Genootskap. Dit sal vroeg volgende jaar beskikbaar wees.

LANDBOU WEEKBLAD BYLAE JULIE 2010

Daar sal nie volgende jaar 'n joernaal uitgegee word nie maar daar sal wel 'n Bylae in die Landbouweekblad geplaas word voor die aanloop van ons Nasionale Veiling. Advertensies deur telers gee hul een bladsy vir 'n artikel oor ons ras! Daar word nog beding om 'n goeie prys te kry om almal te akkommodeer. Die Raad het hierdie promosie artikel goedgekeur aangesien dit uitstekende advertensie vir ons ras sal beteken ! Ons het egter elke teler se positiewe steun nodig en hierdie is 'n unieke geleentheid vir almal om deel te wees van hierdie pragtige geleentheid! Landbouweekblad sal egter self verdere reëlings met telers tref in die nuwe jaar. Ons doen 'n beroep op ons telers om hierdie aksie te steun! Die hoeveelheid advertensies wat lede plaas sal bepaal hoeveel bladsye die Genootskap geplaas sal kry.

CHAROLAIS EVENTS (Subject to change)

25 Februarie 2010 • Raadsvergadering te Nampo

22 April – 1 Mei 2010 • Bloem Skou

5 – 7 Mei 2010 • Vryburg Skou

6 Mei 2010 • Vryburg Stoetvee Skou veiling

18 – 21 Mei 2010 • Nampo

28 Mei – 6 Junie 2010 •
Royal Skou - Pietermaritzburg

3 Junie 2010 • Raadsvergadering te Bloemfontein

28 Julie 2010 • Oos Transvaal Bul veiling

19 Augustus 2010 • Raadsvergadering te Kroonstad

19 Augustus 2010 •
Algemene Jaarvergadering om 15:00 te Arcadia Gastehuis, Kroonstad

19 Augustus 2010 •
Dinee & Prysuitdeling om 18:30 te Arcadia Gastehuis, Kroonstad –
Gaskunstenaar: Marthinus van Rooyen

27 Augustus – 5 September 2010 • Pretoria Skou

3 September 2010 • Boertjiefees te Bultfontein

9 September 2010 • Vryburg Stoetvee veiling

18 September 2010 •
Northern Kwa-Zulu Natal Bull Sale

28 Oktober 2010 •
Raadsvergadering te Bloemfontein

17 November 2010 • Vryburg Stoetvee veiling

"'n Mens ontwikkel jou menswees en vaardighede wanneer jy ander verteenwoordig. As jy gekies word om 'n taak te verrig, doen dit voluit. Jy kan dit nie halfpad doen nie, want ander maak op jou staat". Anoniem

PITKOS

- Developed in SA by the ARC with a private software house, BenguelaSoft CC
- Equally suitable for commercial and stud herds
- User friendly MS Windows operating system
- Afrikaans, English, Portuguese and Spanish language options
- Install on more than one computer at no additional cost
- Use for more than one herd at no additional cost
- World wide user support, training and marketing via ARC officials and private agents
- Support SA Studbook, ARC, BreedPlan and NSBA protocol and formats
- Performance data processing according to ARC's National Beef Recording and Improvement Scheme
- Various standard and user-defined screens & reports
- Reports can be viewed, printed and stored electronically in various formats
- Electronic data sending & importation, including birth notifications, performance data and weights from electronic scales
- Stock registers for animals in herd, medicines, vaccines, semen and embryos
- Powerful search, sort and select functions for fast and easy selection of animals
- Management diary and address list
- Calculate inbreeding coefficients for possible matings
- Integrated GenePro breeding management module (optional)
- Extensive data verification functions
- Easy updating directly from the internet
- Continuous user-driven development and upgrading

BeefPro™
Professional Beef Management Software
Professionele Vleisbeestuur Sagteware

Your profit partner!

ARC • LNR
DEVELOPED IN ASSOCIATION WITH THE ARC

www.beefpro.net

Contact Mr. Leslie Bergh for more information:
tel +27 12 672 9145 mobile +27 82 801 2026 e-mail leslie@arc.agric.za

STRATEGIESE BEPLANNINGSESSIE

Daar word beplan om 'n strategiese beplanningsessie in Maart/April 2010 aan te bied vir alle Charolais telers. Ons vra dat u asseblief hierdie beplanningsessie bywoon om die pad vorentoe te bespreek asook om doelwitte daar te stel. Kontak die kantoor voor einde Januarie 2010 sodat daar bepaal kan word waar dit gehou sal word bv. Kroonstad om alle lede te akkommodeer. Sien aangehegte vorm wat u vir ons moet invul en terug stuur of faks na 051-4484220 voor 31 Januarie 2010

NASIONALE KAMPIOENSKAPPE 2010

Die Genootskap beplan om 'n Nasionale Kampioenskap aan te bied te Vryburg\Pretoria 2010. Ons wil graag die lede betrokke maak en sal u insette waardeer. Aangeheg is 'n vorm wat u vir ons asseblief moet invul en terugstuur of faks na 051-4484220 voor 31 Januarie 2010.

VEILINGSDATUMS

Die Raad het besluit dat daar in die toekoms nie meer twee Charolais veilings op dieselfde dag sal plaasvind nie.

Indien die veilings in verskillende streke plaasvind moet ten minste 1 week verloop tussen veilings. Telers moet asseblief vroegtydig hul veilings datum deurgee aan die Genootskap sodat dit op die webblad geplaas kan word.

LOGIX TOEGANG

'n Skrywe is vanaf S.A. Stamboek ontvang insake die oopstel van Logix sodat telers wel alles van mekaar moet kan sien, m.a.w. per kapita's, kudde-opsommings en verslae ens. Die Charolais Algemene Jaarvergadering het besluit dat Logix nie oopgestel sal word nie.

Alle BeefPro gebruikers

Beef Cattle Trader

Die meeste van julle is seker al bewus van die nuwe module in BeefPro, naamlik Beef Cattle Trader (Toevoegings > BeefCattleTrader).

Dit is basies 'n funksie vir die **GRATIS advertering van jou diere wat te koop is op die internet.** Die funksie behels basies dat BeefPro gebruikers baie maklik en vinnig die data van diere wat te koop is (op een of ander veiling of uit die hand) na 'n webwerf kan stuur waar dit beskikbaar is vir enige voornemende koper om na te kyk.

Aangeheg 'n **inligtingsdokument** oor BeefCattleTrader asook 'n **handleiding** (tans ongelukkig nog net in Engels beskikbaar) oor hoe om jou diere op www.beefcattletrader.com te adverteer en jou bemarking na 'n hoër vlak te neem.

Waarvoor wag? Plaas sommer nou dadelik u te-koop diere op www.BeefCattleTrader.com of gaan kyk na die diere wat te koop is.

LAAT GEBOORTES

Telers moet seker maak alle nuwe geboortes word aangemeld. Daar is 'n hele aantal kuddes wat nog geen kalwers die afgelope 12 maande aangemeld het nie. Die Raad het besluit dat geboortes tot 205 dae laat aanvaar sal word met 'n boete. Kalwers wat tussen 20-365 dae laat aangemeld word sal ge-DNA moet word. Kalwers ouer as 365 dae sal nie opgeneem word nie.

CHAROLAIS BEESTELERSGENOOTSKAP VAN S.A.
CHAROLAIS CATTLE BREEDERS' SOCIETY OF S.A.
VOOGDELYS – 2010

Lidnr. Member no.	Naam Name	Adres Postal address	Tel / Fax	Voorvoegsel Prefix	KKL HDL	Aansluiting Inception	RAADSLID COUNCILLOR
0585479	Badenhorst CD mnel@ccchickens.co.za	Bus 3131 Nylstroom 0510	082 580 1130 014-7433984F	Doelgerig	CJ	2007.08.09	WILLIE
0526615	Barwise W wb@wisedesign.co.za kritzingerj@absamail.co.za	Box 859 Rosslyn 0200	012-5410924 012-5410925F 082 577 2123 Johann Kritzinger 013-2720116 079 135 9426	Barwise	W	2006.11.06	CORRIE
0459696	Brand CP rihanju@lantic.co.za	Bus 197 Delareyville 2770	086 6782822F 082 524 8550 082 524 8551	Ri-Han-Ju	CPB	1993.12.01	NICO
0397369	Carstens JH	Bus 138 Wolmaransstad 2630	018-5961982 018-5961974 083 264 2474	Carolais	CAR	1994.01.01	FREDDIE
0599551	Cherné Stoet DCD DuRandt & PPW DuRandt dcd@webmail.co.za wesdurandt@yahoo.com	Bus 240 Barkly-Oos 9786	083 444 9787 079 780 4175	Cherné	RC	2001.08.03	FREDDIE
0439259	Clawac Boerdery Willie Jacobsz clawac@vodamail.co.za	Bus 75 Davel 2320	017-6293216 082 410 3751	Clawac	CZ	1991.12.02	WILLIE
0563413	Coenraad Bdy Edms Bpk. C Viljoen coenraadboerdery@vodamail.co.za	Bus 334 Clocolan 9735	051-9437161 082 334 4877	Louwcoe	CB	1996.09.01	FREDDIE
0557661	CR Coetzee Bdy barryc@wol.co.za	Bus 2 Verkykerskop 9882	058-6230529 082 851 1337	Lasarus	VR	2003.09.01	CORRIE
0559447	Cronlais BK PJ Cronje johan@gaucon.co.za	P/a HIQ Charolais Bus 800 Sannieshof 2760	011-7926424 011-7920696F 082 452 1875	HIQ	HQ	2004.01.03	NICO
0017146	Datnow N (dr.) gdragon@mweb.co.za	Box 15469 Lambton 1414	011-8274031 0866148603 083 375 4785	Nordat	ND		CORRIE
0550521	Degenaar JC hanliedeg@gmail.com	Bus 1765 Vryburg 8600	053-9524404 082 412 9302 0827795435F	De-Han	CD	2002.09.01	NICO
0605135	Daviren Charolais DMJ van der Merwe daviren@webmail.co.za	Bus 173 Schweizer Reneke 2780	083 384 1865	Daviren	DA	2009.01.10	DAMI
0015208	PJ du Preez & Sns fedupreez@yahoo.com	Bus 35206 Faunasig 9325	051-5750606 051-5750605F 083 443 7593	Cha-Pre	PP	1973.11.24	FREDDIE
0498683	Eslau Boerdery/Kondos eslauboerdery@telkomsa.net	Bus 642 Viljoenskroon 9520	056-3431071 056-3431599F 082 924 5716	Eslau	ESC	1998.02.01	DAMI
0023471	Fitzhenry MR	Box 188 Indwe 5445	045-9531011 082 375 1949	Penmick	MF	1990.07.01	MIKE
0595474	Fouché DC dirkiefouche@btbits.co.za	Bus 167 Leeudoringstad 2640	018-5819856	Zonderhout	AF	2008.08.27	NICO
0400907	Fountainvale Charolais Stud rockyrich@nitrosoft.co.za	Box 355 Mooi River 3300	033-2632006 082 416 6960	Fountainvale	CY	1987.08.18	MARTIN
0391125	Fritz GP gfritz@lantic.net	Bus 523 Thabazimbi 0380	014-7722544 083 469 3777	Maxim	MX	1986.08.30	WILLIE
0562478	Haasbroek M cometvu@cybertrade.co.za	Bus 674 Heidelberg 1438	016-3423615 016-3423628F 083 269 9843	Andith	AN	2004.05.20	CORRIE
0395868	Hallatt HM hallatt@gmail.com	Bus 56 Migdol 2775	053-9650752 083 305 6480 083 646 8419F	Grejama	HH	1996.07.01	FREDDIE
0315204	Hunt Charolais Stud SR Hunt	Box 61 Warrenton 8530	053-4973395 053-4975820F 082 462 6416	H.C.S.	HCS	1982.03.02	JOHAN
0593049	Joharmar Boerdery MC Claassens mcc@ctec.co.za	Bus 243 Bothaville 9660	056-5152582 056-5151804 082 946 2414	Joharmar	JHM	2008.05.01	DAMI
0460626	Kamfer EL	Bus 41 Stella 8650	072 606 0648	Sanrie	Elk	2009.08.01	DAMI
0516465	KDH Boerdery Edms Bpk Dr. P von Abo vbspar@icon.co.za	Bus 175 Bothaville 9660	056-5153404 045-9719074 082 414 2802	Jouken	JO	1998.08.01	MIKE